



Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 32

DIE ORDE EN TUG VAN DIE KERK

Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie.

En daarom verwerp ons alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing. Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou. Daarvoor is nodig die ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas ooreenkomstig die Woord van God.

Die laaste aspek van kerk-wees wat behandel word in die NGB, is dissipline. Dit is deesdae inderdaad 'n taai tamentejie om te bespreek. Net omdat 'n saak kompleks is, beteken dit nie dat die saak vermy of ignoreer mag word nie. Die kerk wat dissipline nie ernstig opneem nie, loop gevaar dat dwaling en kettery hoogty kan vier midde in die kerk (soos blyk uit 'n kerk wat 'n professor beskerm wat lankal nie meer saam met die kerk glo nie, RSG gesprek 11 November 2018). Daar is ook altyd die gevaar dat die ongedissiplineerde optrede van mense wat bely dat Jesus hulle HERE is, juis deur hulle optrede die Here se naam oneer aandoen (II Petrus 2:1 "*Maar daar*

was ook vals profete onder die volk, en so sal daar ook onder julle vals leraars kom. Hulle sal verderflike dwaalleer insmokkel en die Here wat hulle vrygekoop het, verloën. So sal hulle hulleself baie gou in die verderf stort.") Dit is met ander woorde eerstens in die naam van Christus dat dissipline toegepas word. Christus is immers die hoof van die kerk. Om jou aan die tug te onderwerp, is om jou aan Christus te onderwerp. Dit plaas 'n ontsettende verpligting en verantwoordelikheid op diegene verantwoordelik om dissipline te handhaaf.

Ons is almal sonde. Ons eggo almal Paulus se woorde in Romeine 7:23-24 "*maar ek vind in my doen en late 'n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit maak my 'n gevangene van die wet van die sonde wat in my doen en late aan die werk is. Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?*" Die kerk moet Christene ondersteun in hierdie persoonlike lewenslange stryd van elke gelowige. Gelukkig kan ons ook saam met Paulus vrede vind in Romeine 7:25 "*Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here. So is dit dus met my gesteld: met my gees dien ek die wet van God, maar in my doen en late die wet van die sonde.*" Kerklike dissipline het iets anders in die oog as hierdie stryd van die begunadigde sonde. Dit gaan oor die moedswillige, volhardende, selftrots sonde-lewe.

Die vraag na die presiese aard van dissipline word al lank debatteer. Aan die een kant is daar diegene wat daarop aandring dat dissipline deel is van die wese van die kerk. Tug word by hierdie

persone op gelyke vlak gestel met suiwer verkondiging en sakramentsbediening. Aan die ander kant van die reformatoriese spektrum is daar diegene wat tug verstaan as van belang vir die welwese van die kerk. Hierdie debat neem nie weg van die feit dat beide benaderings dissipline verstaan as 'n verpligting nie.

Ten gunste van die ondersteuners van die "wese" standpunt, is die feit dat suiwer verkondiging en regte sakramentsbediening as positief, die negatiewe gelykmaker vind in dissipline. Jesus het inderdaad gestel dat Hy gekom het om die wet sy volle betekenis te laat kry.

Ten gunste van diegene wat "welwese" beklemtoon, is die feit dat hierdie benadering nie die Woord in hoor- en voel-gedaante gelykstel aan menslike dissipline nie. Jesus het wel die sleutels van die koninkryk aan die kerk gegee, maar in Openbaring stel Hy dat Hy sal oopsluit en toesluit.

Die sleutels van die koninkryk is nou gebonde aan die belydenis "U is die Christus". Matteus 18:15-19 "*Maar julle, het Hy gevra, "wie, sê julle, is Ek?" Simon Petrus het geantwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." "Gelukkig is jy, Simon Barjona," het Jesus vir hom gesê, "want dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is. En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. Ek sal aan jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat jy op die*

aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly."

DIE ORDE EN TUG VAN DIE KERK

Die opskrif koppel orde aan tug. Dit beteken dat tug net in die ruimte van die kerk ter sprake is. Daarmee saam word tug verbind aan orde. Dit is ten behoewe van die goeie orde dat die saak van tug opgeneem word.

Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie.

Die orde wat hier ter sprake is, is die kerkorde - wat voorheen bekend gestaan het as die kerkwet. Die orde het instandhouding in die oog. Die kerkorde is met ander woorde nie 'n instrument om 'n magsgreep op ander mee uit te voer nie. Dit is nóg die stok om mee te slaan, nóg die staf om mee te gaan. Die kerkorde is 'n instrument wat gebruik word om die kerk in stand te hou. Hierdie handhawing van orde sluit in die denke rondom sinodale aktiwiteite - wat eg reformatories is.

Sinodale strukture is deel van 'n geordende struktuur wat ten doel het om die liggaam (kerk) in stand te hou. Daar is sake wat in samewerking met ander gemeentes/kerke beter aangepak kan word. Vir die doel kan gemeentes gesag deleger na die sinodale struktuur, maar net in daardie mate wat dit die instandhouding van die kerk dien. Om mag en gesag te abdikeer, iets wat maklik

gebeur, is nie moontlik binne hierdie benadering nie. Daarmee saam mag geen sentrale "beheer" aanmatigend optree en mag en gesag toeëien nie. Nie eens die denominasie (sinodale struktuur, kan werklik aan die plaaslike gemeente voorskryf nie. Dwarsdeur die Bybel vind ons dat die plaaslike gemeente deur die plaaslike bestuur (predikant en kerkraad) gelei word.

Sodra (sentrale kantoor) burokrate aan plaaslike gemeentes voorskryf, is dit nie meer 'n reformatoriese kerk nie. Sodra gemeentes deur ringskommissies vertel word dat hulle predikante moet "laat gaan" of standplase na deelsorg moet verander, is dit nie meer 'n hervormde kerk nie. Die plaaslike gemeente het steeds volle verantwoordelikheid om kerk te wees. Enige ingrepe vanaf "hoofkantoor" hoort nie tuis in die gereformeerde tradisie nie.

Die NGB verstaan hierdie kerkorde as iets wat uit die Skrif afgelei kan word en impliseer daarmee saam dat enige vergrype as "teen die Skrif" interpreteer moet word. Dit is noodsaaklik dat beraadslaging en besluitneming deur die Woord van God gelei word. Dit is die gemeente se leiers se taak om in konsultasie met die Woord die lidmate te lei in die eie konteks. Dit is so dat daar sake van gemeenskaplike belang is. Dan word volgens die voorbeeld van Handeling 15 gepraat, geluister en besluit.

En daarom verwerp ons alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op

watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing.

Hierdie onwrikbare staan by dit wat ons in die Bybel leer, staan teenoor die Roomse nadering wat ongeag die Skrif deur tradisie en die pous gelei word. Die Charismate met hulle verwerping van die Bybel, net om deur die "Gees gelei" te word, staan ook onder die teken van dwaling. Beide benaderings wil met mensgemaakte wette en tradisies mense na die gewete bind. Dit is ironies dat die Charismate wat wil dien en die "Gees laat waai waar Hy wil", juis lidmate des te meer bind na die gewete. Mense strewe ongesond toegewyd na tekens soos spreke in tale of wondergenesings.

Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou.

Dit is duidelik dat die belangrikste voorwaarde die een is dat die kerk gehoorsaam aan God moet wees. Vir die doel moet kerkleiding van so 'n aard wees dat dit lidmate bekwaam maak om in eendrag, vrede en eenheid die Here te dien. Selfs die gebruik van die kerklike roede het ten doel om eenheid te bevorder.

Daarvoor is nodig die ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas ooreenkomstig die Woord van God.

Die doel van die opsig en tug is nie anders as die strewe na eenheid en vrede nie. Dit het ten doel dat die mens tot bekering sal kom, die verkeerde pad sal verlaat en weer in harmonie met die ander lidmate die Here dien.